## Deeglike streeksgeskiedenis 'n waardige bydrae

**E.L.P. Stals, *Môrewind oor die Karasberge: 'n Kultuurhistoriese Verkenning van die Karasstreek van die Laat Negentiende Eeu***
Protea Boekhuis, Pretoria, 2009
477 pp
ISBN 978-1-86919-181-8
R235.00

Dit is geensins 'n verrassing dat 'n nuwe boek oor die Namibiese geskiedenis uit die pen van professor Ernst Stals verskyn nie. Hy het hom alreeds oor etlike dekades heen as sowat die voorste Suid-Afrikaanse kenner van die koloniale geskiedenis van Namibië bewys. Hy is veral bekend vir sy groots-opgesette studies oor *Die Aanraking tussen Blankes en Ovambo's in Suidwes-Afrika, 1850–1915* (1968); *Kurt Streitwolf: Sy Werk in Suidwes-Afrika, 1899–1914* (1978); en *Duits-Suidwes-Afrika na die Groot Opstande* (1983), terwyl hy ook 'n groot diens aan die historiese gemeenskap bewys het met sy deeglike uitgawe van die belangrike Palgrave-dokumente vir die Van Riebeeck-vereniging (1991). Verder is verskeie nuttige nagraadse verhandelinge en proefskrifte oor verskillende aspekte van die Namibiese geskiedenis ook onder sy bekwame studieleiding voltooi. Wat egter wel verras, is die fokus van hierdie boek, naamlik die suidelike deel van Namibië (die sogenaamde Karasstreek: basies tussen die Oranjerivier aan die suide en Mier, Keetmanshoop, Bethanie en Lüderitz in die noorde) vanaf die laat agttiende tot die vroeë twintigste eeu.[8]

---

7. In P. Ricoeur, *The Contribution of French Historiography to the Theory of History* (Oxford University Press, New York, 1980), p 9.
8. Stals het alreeds 'n paar jaar gelede begin om die geskiedenis van hierdie streek te ontgin in die werk wat hy saam met die historiese taalkundige, Fritz Ponelis, gedoen het: E.L.P. Stals en F. Ponelis, *Só het Afrikaans na Namibië Gekom: Hollands-Afrikaans vóór die Koloniale Tyd* (Gamsberg Macmillan, Windhoek, 2001). Stals noem dan ook in sy "Voorwoord" dat hierdie vroeëre werk saam met Ponelis as prikkel gedien het tot die onderhawige boek.

Hierdie lywige boek bestaan uit 29 (meestal korterige) hoofstukke gevolg deur twee bylaes. Een van die verblydendste aspekte van die werk is dat Stals deeglik gebruik maak van visuele evidensie en die teks is dan ook ryklik van foto's voorsien. Dié wissel van tydgenootlike foto's van mense, geboue en gebeure wat Stals in die argief opgespoor het, tot eietydse foto's van landskappe en historiese oorblyfsels (bv. kerkgeboue, plaasopstalle, grafte ens.) wat deur die skrywer self geneem is. Helaas bevat die boek nie 'n lys van al die foto's wat in die teks opgeneem is nie, wat hierdie baie nuttige bron van historiese inligting (wat mens byvoorbeeld in onderrig sou kan gebruik) dus ietwat minder bruikbaar maak. Die teks word verder ook ondersteun deur 'n aantal handige tabelle wat inligting bondig saamvat, asook baie interessante uittreksels uit primêre bronne wat in teksblokke geplaas is en wat, saam met die foto's, veel bydra om die leser 'n wyer en meer direkte belewenis van die verlede te verskaf. Die boek bevat ook 'n deeglike naamregister en 'n uitgebreide bronnelys. Protea Boekhuis moet weer eens gelukgewens word met 'n goed-versorgde en stewige publikasie.

Stals merk heeltemal tereg op dat Namibië "'n land van inkomelinge is" (p 125). Dit is veral die geval met die suidelike (en sentrale) deel van Namibië, wat dan ook die rede is waarom hierdie geskiedenis so kompleks is, en so relatief min bestudeer word. Die Karasstreek het in die loop van 'n eeu 'n groot verskeidenheid nuwe bewoners gekry met verskillende etniese, kulturele en ekonomiese agtergronde. Basies kan die negentiende-eeuse geskiedenis van hierdie streek opgesom word as 'n telkens veranderende dinamika soos wat nuwe rolspelers intrek en bydra tot die kompleksiteit van die samelewing. Dit het begin met die wending van die negentiende eeu toe die plaaslike Nama-sprekende inwoners in kontak gekom het met die Oorlams (verwesterse Khoikhoi) wat van die Kaapkolonie af Namibië binnegetrek het en met hul kommando-strukture en sug na vee radikaal die plaaslike omstandighede verander het. Die teenwoordigheid in suidelike Namibië van die Oorlams wat 'n vorm van Afrikaans-Hollands gebruik het en gunstig teenoor die Christendom gestaan het, het gelei tot die vestiging van sendelinge wat die Nama en Oorlams bearbei het. Aanvanlik was die sending sporadies en het soms teëstand ondervind, maar vanaf die 1830's het hulle deel van die samelewing uitgemaak en al die verskillende Nama en Oorlamskapteins het sendelinge in hul gebiede gehad wat as middelaars met die buitewêreld opgetree het.

Die koms van die Oorlams met hul kommando-strukture (wat perde, gewere en ammunisie vereis het) en hul afhanklikheid van Westerse gebruiksartikels het weer gelei tot die binnekoms van handelaars wat vanaf die 1840's die Karasstreek op verskeie maniere ekonomies ontgin het. Gevolglik het die Kaapse en ander regerings meer in Namibië begin belangstel. Hierdie posisie het voortgeduur tot die 1880's toe toenemende aantal blanke boere vanuit die suide na die Karasstreek begin trek het – 'n proses wat ongetwyfeld verband hou met die groter belangstelling in Namibië van Brittanje (wat Walvisbaai in 1878 geannekseer het) en Duitsland (wat in 1884 begin het om "beskermingsverdrae" met die plaaslike bevolkings te sluit). Dit het weer gelei tot die toetrede van groot sindikate – soos die Kharaskhoma-maatskappy – wat mineraal- en grondregte bekom het en teen die 1890's belangrike rolspelers in die gebied geword het. Dit is dan ook gedurende hierdie dekade dat die mag van die Duitse koloniale regering só toegeneem het dat hulle basies alle aspekte van die lewens van die Karasstreek se inwoners beheer het, ten spyte van die weerstand van mense soos Hendrik Witbooi en ander groepe (vergelyk hoofstuk 24).

Die voorafgaande verteenwoordig 'n opsomming van 'n geweldig komplekse proses wat Stals soms in groot detail en met afwisselende mate van sukses behandel. Die

eerste kwart van die boek (hoofstukke 1–10) behandel, baie kortstondig, die Nama en die koms van die Oorlams, gevolg deur 'n taamlik gedetailleerde vertelling van die klein aantal vroeë blanke handelaars, prospekteerders en boere. Stals verskaf, verbasend genoeg, geen sistematiese bespreking van die rol van die sendelinge nie, en waardeer dus nie genoegsaam die verband tussen die trek van die Oorlams, die werksaamhede van die sendelinge en die koms van handelaars nie. Die grootste deel van die boek, vanaf hoofstuk 11, behandel die 1880–1890's in groot detail en dek 'n verskeidenheid van onderwerpe. Dit is duidelik dat Stals meer tuis is met hierdie materiaal, wat op uiters deeglike navorsing in die Duitse regeringsdokumente in die Nasionale Argief te Windhoek berus. Hoofstukke 11–19 beskryf, in die fynste besonderhede, die toenemende intrek van boere vanuit die Kaapkolonie en elders na die Karasstreek, hoe hulle hul plase bekom het, wat hul onderlinge struwelinge was en vertel met smaak die verhale van "swendelaars" soos Willem Spangenberg en Scotty Smith (hoofstukke 12 en 19). Dit word gevolg deur 'n bespreking van die rol van sindikate, die vestiging van die Duitse koloniale mag in die streek, en die onderlinge verhoudinge tussen die sindikate, die regering en die plaaslike bevolking (hoofstukke 20–24). Die laaste hoofstukke is meer tematies en is die enigste deel van die boek wat werklikwaar kultuurhistories van aard is (in elk geval, soos hierdie benadering vroeër aan Afrikaanse universiteite beoefen is). Hier word interessante sake gedek soos hoe driwwe en paaie ontwikkel het en bestuur is, hoe die "hoofdorpe" van die Karasstreek (Warmbad, Keetmanshoop, Bethanie en Lüderitzbucht) teen 1900 ontwikkel het, die aard en omvang van boerdery, asook "dinge van die gees" (taal, godsdiens en onderwys). Hiermee verrig Stals voorwaar baanbrekerswerk, en dit is daarom teleurstellend dat veral die laaste hoofstuk nie meer gedetailleerd is nie, des te meer omdat daar nuttige studies bestaan oor die bydrae van sendelinge tot onderwys en godsdiens. Die laaste hoofstuk van die boek bespreek hoe die verskillende groepe – die Nama, blanke boere en Duitse amptenary – mekaar beskou het en bevat etlike interessante uittreksels in hierdie verband uit die bronnemateriaal.

Dit is moeilik om die waarde van hierdie werk te beoordeel. Enige historikus met ondervinding van argivale navorsing kan goed waardeer hoe deeglik en toegewyd Stals se empiriese navorsing in verskeie argiewe was (naas nog 'n groot aantal mondelinge onderhoude en ondersoek ter plaatse). Sy prestasie in hierdie verband is nog meer indrukwekkend as mens in ag neem dat 'n historikus van negentiende-eeuse Namibië met bronnemateriaal in ten minste vier tale moet werk.

Ten spyte van my bewondering vir die skrywer se toewyding, ywer en kundigheid, is ek tog ietwat teleurgesteld met die boek. Daar is 'n mate van onduidelikheid van fokus en die groot hoeveelheid materiaal kon beter georganiseerd gewees het (so byvoorbeeld word die rol van Theophilus Hahn in hoofstukke 7 en 20 bespreek, en die verhaal van die Basters by Mier in hoofstukke 9 en 17). Dit is waarskynlik die gevolg van 'n onsekerheid oor wie die eintlike gehoor van die boek behoort te wees. Stals is wel deeglik bewus van die groter kwessies oor kolonisasie wat Namibiese historici van hierdie era debatteer, maar hy beweer dat sy studie "nie ambisieus en pretensieus genoeg" is om daarmee om te gaan nie (pp 137–138). Gegewe die gemoedelike verteltrant, en die groot fokus op genealogiese en biografiese besonderhede van die individue wat aan bod kom, sou mens 'n populêre leserspubliek vermoed. Maar die aanbieding van veral die vroeëre hoofstukke skep die aanname dat die leser bekend is met die konteks; en die aanbieding van die komplekse vroeë geskiedenis van die Nama, Oorlams en sendelinge kon beslis duideliker gewees het. Laasgenoemde aspek sluit aan by 'n verdere teleurstelling: ek vind die werk taamlik blank- of Eurosentries, wat juis vir hierdie streek 'n vertrekkende beeld skep. Die fokus van die boek val meestal op die blanke handelaars, boere en amptenare

wat in die tweede helfte van die eeu opgedaag het. Die plaaslike bevolking tree net te voorskyn wanneer hulle in kontak kom met hierdie mense. Daarby is dit opvallend hoe relatief min aandag Stals skenk aan die Nama en Oorlams en die rol van die sendelinge – iets soos hoofstuk 3 sou baie gebaat het by 'n nouer omgang met die werk van historici soos Brigitte Lau, Tilman Dedering en Nigel Penn.[9] Dit is ewe opvallend dat die skrywer – by al sy ywerigheid met regeringsdokumente – nie juis gebruik maak van die sendingargiewe nie; iets wat baie sou kon help om die Karasstreek in al sy ryke verskeidenheid te verken.

Die voorafgaande kritiek is gebore uit 'n, waarskynlik onredelike, teleurstelling dat 'n baie goeie en deeglike stuk werk nie nóg beter is nie. Daar bestaan alreeds goeie studies vir negentiende-eeuse suidelike Nambië oor die veroweringe van die Oorlams, die rol van die sendelinge, verskillende aspekte van die ekonomie en handel, en nou Stals se omvattende bydrae oor die blanke inwoners van die gebied. Maar niemand het nog gepoog om hierdie deelstudies te sintetiseer in 'n omvattende geskiedenis van suidelike Namibië wat die volle rykdom en kompleksiteit van hierdie streek waarde doen nie.[10] Mens voel dat iemand van Stals se statuur, met sy intieme kennis van beide die gebied én die groot argief wat daaroor bestaan, tesame met sy jarelange toewyding aan en kundigheid van die Namibiese geskiedenis, die regte persoon sou wees om so 'n grootse projek te realiseer. En miskien gebeur dit binnekort? Hoe ook al, met hierdie boek het die skrywer 'n deeglike bydrae gelewer tot die geskiedenis van 'n streek wat helaas meestal geïgnoreer word deur Suider-Afrikaanse historici. Dit verteenwoordig 'n waardige bydrae tot die belangwekkende Namibiese *oeuvre* wat Ernst Stals oor baie jare geskep het.

*Gerald Groenewald*
*Universiteit van Johannesburg*